

STELLENBERG BYBELSKOOL

Momente wat Paulus se lewe gevorm het

Sessie 3 | Paulus in Antiogië



Tydens verlede week se sessie het ons stilgestaan by die moment van Paulus se bekering en die wyse waarop dit sy perspektief op God, die wêreld om hom en sy roeping verander het. Alhoewel Paulus diep onder die indruk gekom het dat sy lewe in 'n moment verander het, het dit hom lank geneem om prakties van sy roeping sin te maak. Ons gaan in vandag se sessie by 'n periode van ongeveer 16 jaar stilstaan waarin Paulus se roeping prakties gestalte kry en wat hom by 'n tweede onderskeidende moment in sy lewe uitbring het. Ons reis vandag saam met Paulus van na sy bekering tot sy bediening in Antiogië.

Lees Galasiërs 1:11-2:1

Galasiërs 1:11-2:1 dek 'n periode van rofweg 16 jaar. Lees die gedeelte en volg die gebeure soos op die kaart hieronder aangedui.




- 1. Paulus se bekering (33/34 nC).** Saulus vervolg gelowiges na Stefanus se steniging in Jerusalem en kom op die pad na Damaskus tot bekering (Hand. 9). Onthou dat Handeling 9 en Galasiërs twee verskillende weergawes gee van die gebeure wat op sy bekering volg. Ons neem Paulus se eie weergawe in Galasiërs 1-2 as vertrekpunt.
- 2. Paulus in Arabië (33/34 – 36/37 nC).** Na sy bekering in Damaskus, reis Paulus na Arabië waar hy in die volgende drie jaar sin maak van die dramatiese gebeure in sy lewe en sy unieke teologiese uitgangspunte waarskynlik gestalte kry. Dit is ironies dat die uitgangspunt van sy teologie nou aansluit by dié van Stefanus (Handeling 7) wie se veroordeling hyself oorsien het. God se genade in Jesus is van toepassing op alle mense en nie net die Jode nie.
- 3. Paulus in Damaskus (36/37 nC).** Politieke onrus het waarskynlik tot gevolg dat Paulus Arabië na drie jaar verlaat vir Damaskus en kort daarna weer Jerusalem toe moet vertrek.
- 4. Paulus reis na Jerusalem (36/37 nC).** In Jerusalem ontmoet hy vir die eerste keer vir Petrus en Jakobus (Gal.1:18-19). Hy maak spesifiek melding dat hy geen van die ander apostels ontmoet het nie. Dit is waarskynlik dat Petrus ervarings van Jesus se vroeë bediening met hom gedeel het. Paulus sou hierna eers ongeveer 14 jaar later na Jerusalem terugkeer (Gal. 2:1).

5-6. Paulus in Tarsus (36-40 nC). Na Paulus se kort besoek in Jerusalem vertrek hy na Sirië en Sisilië (hy is terug Tarsus toe waar hy grootgeword het) (Gal. 1:21). Let wel dat die kaart hier ook die alternatiewe verhaal van Lukas in Handeling 9 beskryf (Hand. 9:26-31) waarvolgens Paulus direk na sy bekering Jerusalem toe is en daarna van Seserea na Tarsus gevlug het (dit maak nie melding van sy verblyf in Arabië nie).

Vir die vier jaar wat Paulus in Tarsus bly weet ons niks en die fokus van ons verhaal skuif dan in hierdie tyd (33-40 nC) na gebeure wat tot die totstandkoming van die gemeente in Antiogië.

Die verhaal van die gemeente in Antiogië (33/34-50 nC)

Nadat die Griekssprekende gelowiges met Stefanus se dood in Handeling 7 uit Jerusalem gevlug het, het hulle hulle in Fenisië, Antiogië en Siprus gevestig en net die evangelie van Christus aan Joodse gelowiges verkondig (Hand. 11:19).



In Antiogië gebeur iets ongehoord. Mense van buite die Jodedom kom ook nou skielik tot geloof in Jesus en sluit by die gemeente aan. Die berig het die moedergemeente in Jerusalem onrustig gemaak en is Barnabas, wat Grieks magtig was, na Antiogië gestuur om ondersoek in te stel. Barnabas het waarskynlik geoordeel dat die groot groep nie-Jode in die gemeente iemand nodig het om hulle in die Ou Testament, waarvan hulle niks geweet het nie, te onderrig. Wie kies Barnabas? Hy het geoordeel dat Paulus, wat net om die draai in Tarsus gebly het, die ideale persoon hiervoor was. Lees Handeling 11:19-26 wat die gebeure beskryf. Volgens Handeling 11:26 het Paulus en Barnabas het vir twee en 'n halwe jaar in die gemeente saamgewerk. Dit is juis in hierdie gemengde gemeente, waar

gelowiges die eerste keer Christene genoem word (Hand. 11:26) waar Paulus sewe jaar na sy bekering die geleentheid kry om sy roeping prakties te beoefen. 'n Mens is dikwels onder die indruk dat Paulus die eerste was om na die nie-Joodse wêreld uit te reik, maar dit blyk dat die gemeente in Antiogië op 'n manier reeds daarby betrokke was en voor Paulus dalk al na Klein-Asië uitgereik het.

'n Onderskeidende oomblik in Paulus se lewe.

Lees Handeling 15:1-35 asook Galasiërs 2:1-11

Volgens Handeling 15 het 'n groep Joodse gelowiges uit Judea (waarskynlik die meer behoudende groep in die Jerusalem gemeente wat ons in sessie 1 na verwys het) in Antiogië opgedaag en gelowiges wysmaak dat heiden gelowiges hulle eers tot die Jodedom moet bekeer alvorens hulle van die gemeente deel kan wees. Hierdie siening het lynreg gebots met die insig waartoe Paulus se bekering hom gebring het en gelei tot openlike meningsverskille en konflik in die gemeente. Paulus se opmerking aangaande die geestelike leier in Jerusalem in Gal. 2:6 is baie interessant. Paulus het toe saam met Barnabas en Titus na die leiers van die moedergemeente in Jerusalem gereis om die saak uit te klaar. Lees Galasiërs 2:1-10 wat oor die uitkoms van die gesprek verslag doen.

Lees Galasiërs 2:11-14

Na hierdie gebeure het daar weer behoudende lidmate van die Jerusalem gemeente in Antiogië opgedaag wat emosies laat opvlam. Lees in Galasiërs 2:11-14 daarvan. Hierdie episode, wat Paulus diep seergemaak het, het sy bediening verander. Sonder om noodwending van die gemeente in Jerusalem en Antiogië weg te breek begin Paulus met sy eie bediening waaruit sy tweede en derde sendingreis voortvloei. Paulus sou 'n nuwe wêreld betree wat baie anders was as die leefwêreld van die gelowiges in Jerusalem en Antiogië. Hierdie het 'n fase ingelei waar al hoe meer gelowiges uit die heidendom sou kom en waarin Christendom losgemaak sou word van sy Joodse godsdienstige tradisies.